


# St. Katerina van Vadstena

## 24 Maart

(1331-1381)

Sy was die vierde kind van die heilige Brigitta van Swede en haar man prins Ulf van Nierck. Sy word opgevoed aan die kloosterskool van Risberg en op 14-jarige ouderdom in die huwelik gegee aan Eggard von Kürgen. Dit wil voorkom asof sy van kleins af 'n kloosterling wou word en tog het sy en haar man 'n gelukkige huwelik gehad. Ná die dood van haar vader het haar moeder in Rome gaan woon. In 1349 gaan besoek sy haar moeder en in haar afwesigheid sterf haar man. Sy bly in Rome waar sy haar moeder se getroue metgesel en helper word en by die dood van Brigitta vergesel sy haar moeder se lyk na die klooster van Vadstena wat haar moeder gestig het. Die res van haar lewe het sy in Vadstena gewy aan die uitbreiding van haar moeder se lewenswerk en nalatenskap, veral die Brigittynse-orde wat sy opgerig het.

© Die Oratorium Uitgewery